

# Psalm 16:8 Ons leef in biddende afhanklikheid van God

Ons het na aanleiding van 'n reeks oor die boek Handeling, veral die eerste gemeente in Jerusalem, drie waardes geïdentifiseer waarvolgens ons voor God en met mekaar wil leef:

- ons sien mense raak
- ons leef in biddende afhanklikheid van God
- ons deel wat ons het, met mekaar en ander

Vanoggend kom die tweede waarde aan die beurt: 'n gemeente wat in biddende afhanklikheid leef. Ek die afgelope tyd baie gedink oor dié waarde wat ons as gemeente self geïdentifiseer het as een waarby ons gemeente wil wees. Leef ons werklik nog biddend? Leef jý in biddende afhanklikheid van God? Wat beteken dit? Hoe lyk dit as iemand, as 'n gemeente in biddende afhanklikheid leef? Hoe doen 'n mens dit?

Psalm 16 kan ons met dié vraag help. Kom ons lees nou Psalm 16.

Daar is natuurlik twee goed wat nodig is as jy in biddende afhanklikheid van God wil leef: Jy moet verstaan dat God só naby jou is dat jy met Hom kan praat, enige tyd van die dag of die nag, en jy moet besef dat jy op jou eie dit nie gaan maak nie; dat jy God nodig het.

## 1. God is naby ons

'n Mens en 'n gemeente wat biddend wil leef, moet dit goed verstaan. God is nie doer ver in die hemel, onbetrokke en onbereikbaar vir ons gewone sterflinge nie. Jy kan immers nie bid en met die Here praat as Hy afwesig is nie. Dit is hoe Dawid in hierdie psalm oor God dink: hy is baie bewus van die Here se teenwoordigheid, van sy lewende, beskermende en leidende teenwoordigheid in sy lewe. In vers 7 sê hy: ... selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer." En in vers 8 gaan hy voort: "Ek het die Here altyd by my ..."

Maar dít is mos die evangelie! Ons het Donderdag Hemelvaart gevier, en dít is presies waarvan Christus ons verseker in sy laaste woorde in Matt 28:20, net voor Hy hemel toe is: "Onthou, Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die

wêreld.” Hy is by ons om ons te leer, om ons die pad te wys, die koers aan te dui, rigting te gee, soos Dawid in vs 11 sê: “U leer my hoe om te lewe.”

## **2. Ons het God nodig**

Hoe het die Here Jesus in die Bergrede gesê? “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is.” Want eers as jy verstaan dat jy nie op jou eie gaan regkom nie, kan jy jou hande in gebed na God uitsteek. Ons het God nodig, dat Hy sal sorg en voorsien en uitkoms gee. Dis waaroor Dawid dit in hierdie psalm het. Sommer in die eerste vers verklaar hy dat hy skuiling by God soek. En in vers 5 sê hy: “Here, U is my lewe, U sorg vir my.” Vers 10 sê: “U gee my nie oor aan die dood nie.”

God maak dat ons veilig is, Hy hou ons vas wanneer ons siek is, wanneer ons finansies druk, wanneer daar spanning in die huwelik is, as ek nie meer raad weet met my opstandige kind nie, as dinge by die werk of die skool net nie wil uitwerk nie, dan is Hy daar om te sorg, te beskerm - ook dan kan ons weet: Die lewende Here is by my! Ook vir die sorg van elke dag, vir kos en klere en huis en werk, ook hiervoor sorg die Here, soos Hy vir die digter gesorg het in sy nood.

Die Here Jesus leef en is elke dag met ons. Daarom kan ons biddend leef; in voortdurende gesprek met God bly, ons nood, ons drome, ons bekommernis, ons vreugdes, met Hom deel.

## **3. Hoe kry ons dit reg?**

Dis nou die teorie. Julle sal goed weet dat dit in die regte lewe nie so eenvoudig is nie. Dat ons sukkel om afhanklik van God te leef, want die lewe gaan aan, en ons moet ook, en dikwels voel God baie ver weg.

Wat was Dawid se geheim? Kom ons kyk weer na ons teks: “Ek het die Here altyd by my,” sê Dawid in vers 8. Die ou vertaling druk dit beter uit wat hy hier wil sê: “Ek stel die Here altyddeur voor my ...” Met ander woorde, die feit dat Dawid bewus is van die sorgende en leidende teenwoordigheid van die lewende God het nie sommer vanself gekom nie, dit het gekom deur ’n doelbewuste inspanning: Ek stel die Here altyd voor my. Ek dink altyd aan Hom, ek roep Hom altyd voor my geestesoog, ek fokus op Hom, ek “rig my gedagtes op die dinge daarbo” (Kol 3:2).

Eers as ’n mens jou doelbewus toelê daarop om die Woord van die Here te lees en te oordink, om gedurig aan die Here te dink as ’n lewende Here, ’n lewende werklikheid in jou lewe, eers as ’n mens die Here gedurig voor jou stel, eers dán

sal jy iets begin beleef van sy kragtige teenwoordigheid in jou lewe. Dan sal jy begin ervaar hoe Hy sorg, hoe Hy uithelp in nood, voorsien as jy nie verder weet nie, gesond maak as die dokter hande in die lug gooi, herstel in jou huis bring as jy al moed opgegee het vir jou huwelik, vrede in jou verhoudinge by die werk as jy nie langer raad het met die moeilike kollega nie, vrede in jou hart oor die toekoms as almal rondom jou sê dis klaarpraat met ons in die nuwe Suid-Afrika.

Dan sal jy ook ervaar hoe Hy lei, hoe Hy duidelikheid bring in keuses wat jy moet maak, hoe Hy woorde gee om te sê as jy vir Hom moet getuig en nie kan nie, hoe Hy die pad vir jou aanwys as jy nie verder weet nie.

Om in biddende afhanklikheid te leef, kan nie in drie maklike stappe reggekry word nie. Dis 'n leefwyse, 'n geloofsingesteldheid, waaraan ek en jy elke dag moet werk. Ps 16 leer vir ons: dit gebeur in 'n ontmoeting met die lewende Here elke dag, en na die mate dat jy op Hom fokus.

Mag dit van jou en my, en van Toringkerk waar wees!

Amen.